EERSTE LIEFDE

1	Ek is altyd hier by jou	
2	My eerste liefde	
3	Woorde	
4	Stofpad langs	
5	As die God van Josafat jou vat	
6	Hou vas aan jou droom	
7	Jesus se mense	
8	Heelword in my lof	
9	You are not alone	
10	Rietkind	
11	Aan die ander kant	
12	Psalm 28	** Leon Smit*
13	Man van Ur	
14	In waarheid en in gees	
15	Walking in faith	

Ek is altyd hier by jou

C F G C Am F G C

C Am F G C
Ek weet jy is verstote - Ek weet jy voel alleen
F C Am F G C
Daar is geen lig in jou donker nie. Dis of die wêreld op jou leun
Em G F C
Maar al is jy ook hoe eensaam - moet jy net onthou
F Am C Am
Maak nie saak hoe groot jou sonde nie
F G C
Ek is altyd hier by jou

C Am F G C
As ek klop moet jy net oopmaak - Dis al wat ek jou vra
F C Am F G C
As jy my in jou hart sal toelaat sal ek jou las help dra
Em G F C
En as dit voel of ek te ver is - moet jy net onthou
F Am C Am
Maak nie saak hoe ver jy dwaal nie kind
F G C C7
Ek is altyd hier by jou

F C G C
Die omvang van my liefde het ek reeds aan jou bewys
F C G C
met my lyding en my sterwe in jou plek aan die kruis
C7 F G C
Onthou ook my belofte dat my Gees by jou sal bly
Am C G C
tot ek terugkom op die wolke en jou veilig hou by my

C Am F G C
Maar gaan nou uit en werk vir my - Dra die kruis in my naam
F C Am F G C
Waar jy ookal heen mag gaan - Ek gaan oral saam
Em G F C
En as is jou pad soms moeilik - moet jy altyd net onthou
F Am C Am F G C
Maak nie saak hoeveel keer jy struikel nie - Ek is altyd hier by jou
F G C Am F G C
Maak nie saak hoeveel keer jy struikel nie - Ek is altyd hier by jou
F G C
Ek is altyd hier by jou
F G F C
Ek is altyd hier by jou

My eerste liefde

F C F C
BVs Net soos in die eerste dae – weer net glo sonder al die vrae
G C
Ek wil weer naby Jesus wees
C G
Soveel dae is verby – kosbare tyd verbrand in vuur tot as
Dm F C
Soveel kere weer teruggekyk – na die verlede wat so maklik lyk
G G7 C
Na hoe my lewe voorheen was
C G
En elke keer maar weer die vrae – Maak hierdie nuwe pad ooit regtig sin
Dm F C
So moeilik as ek teëstand kry – Soveel kere weer met God gestry
G G7 C
Ek wil só graag weer begin
C7 F
Ek wil weer terug na my eerste liefde
C
Toe ek nog in geloof kon staan
F C F C
Ek wil weer leef soos in eerste dae - Sommer net glo sonder al die vrae
G G7 C
Wil weer na Jesus toe gaan
C7 F
Ek gaan terug na my eerste liefde
C
Toe ek vertrou het sonder vrees
F C F C
Ek wil weer glo Hy's regtig lief vir my – en daarom dankbaar by sy voete bly
G G7 C
Wil weer naby Jesus wees

C G
Soveel jare lê nog voor – 'n leeftyd nog om Hom getrou te dien
Dm F C
Soveel mense wat moed verloor – wat die antwoord nog by ons moet hoor
G G7 C
Wat die Lig nog sal moet sien
C G
En al kom daar soveel vrae – Wat hou die toekoms dan tog vir my in
Dm F C
Hoe sal ek my koers bepaal - En sal ek ooit die wenstreep haal
G G7 C
Gaan ek tóg weer oor begin

Woorde

G C G Em C G Am D G
G Am
Hoe eenvoudig is die letters in die woorde van ons taal
D G Em G
Hoe sinloos soms die inhoud wat ons uit ons woorde haal
C G Em
Hoe gering skat ons die woorde in die sinne wat ons praat
C G Am D G
Terwyl God net deur Sy woorde die skepping agterlaat

G D
Woorde breek - woorde bou - bring liefde maar ook haat
G
Woorde gee - woorde neem - want die spyt is altyd laat
Em C G Em
Woorde goed met sout besprinkel maak stukkendes gesond
C Am G D G
Want die mag oor dood en lewe is in die woorde in jou mond

G Am
Hoe klein is die ou vonkie wat die hele bos laat brand
D G Em G
Hoe min is net een korreltjie teen die hele see se sand
C G Em
Hoe onbenullig die ou roertjie wat die hele skip kan draai
C G Am D G
Dis hoe Jesus net deur woorde die hemelsaad kon saai

G D
Woorde tap - woorde vul - bring vervloeking maar ook seën
G
Woorde stroop - woorde saai - 'n goeie woord kan moed verleen
Em C G Em
Woorde goed met sout besprinkel maak stukkendes gesond
C Am G D G
Want die mag oor dood en lewe is in die woorde in jou mond

C Am Bm C D G
Luister goed na God se woorde met jou hart en deur jou gees
C G Am D G
En spreek dan self die lewe - jou woorde kan genees

G D
Woorde breek - woorde bou - bring liefde maar ook haat
G
Woorde gee - woorde neem - want die spyt is altyd laat
Em C G Em
Woorde goed met sout besprinkel maak stukkendes gesond
C Am G D G
Want die mag oor dood en lewe is in die woorde in jou mond

C Am G D G
Die mag oor dood en lewe is in die woorde in jou mond

Stofpad langs

G G G G

G D
Om te kyk waar loop die spore wat in die voortyd uitgetrap is
G
Om te voel waar tyd se beelde met ouer beitels uitgekap is
C G Em
Vir die warm gloed van vrede in lank lank terug se vuur
Am D Am D G
Vir die stilte van die vlakte se stilste sterlig uur
Em G D
Daarom neig my siel na gister – na 'n môre sonder angs
C G D G
Daarom loop my swerwersvoete rustig stofpad langs

G D
Om te leer wat die verlede se wysheid my kan leer
G
Om te gee van eie waarde en van die liefde van my Heer
C G Em
Vir die knus gevoel as vriende saggies aan jou hart kom vat
Am D Am D G
Vir die ou-nag-toe se stories van hierdie lang vergete pad
Em G D
Daarom soek ek so in gister 'n nuwe môre sonder angs
C G D G
Daarom klop my perd se hoewe rustig stofpad langs

C G Em
O ek ken my God se vrede – waar die pad my ookal lei
D Am C D G
Want die kompas van Sy liefde dui die rigting aan vir my

Em G D
Daarom kwyn al my hartseer – Is my môre sonder angs
C G C D G
Want ek weet Hy loop hier langs my rustig stofpad langs
C G C D G
Ja ek weet Hy loop hier langs my … veilig stofpad langs

As die God van Josafat jou vat

F C Am Dm G C
C Am F G
Loof die Here - die God van Juda - Sy liefde het geen einde nie

C Em F C
Loof die Here - die God van Juda - Sy liefde het geen einde nie

F C Am Dm G C
Loof die Here - die God van Juda - Sy liefde het geen einde nie

C Em F Dm G
Toe Josafat hoor die Edomiete kom was hy regtig baie bang

F Am G C
Maar hy't die Here vertrou en die volk laat kniel in gebed met 'n lofgesang

C Em F G C
Toe sê die profeet : Trek net op - Edom is in julle hand

F C Am Dm G C
Staan maar net en kyk wat God gaan doen want die Here is aan julle kant

F C Am F G C
En as die God van Josafat jou vat kan jy die neerlaag nie vermy nie

F C Am F Dm C
Want toe die God van Josafat hulle vat het daar nie een van hulle oorgebly nie

F C Am F G C
Ja as die God van Josafat jou vat kan jy nie anders as om te verloor nie

F C Am F G C
Want toe die God van Josafat hulle vat was daar net mooi niks van hulle oor nie

C Em F Dm G
Josafat en Juda het woestyn toe geloop in 'n ry met die sangers voor

F Am G C
Maar by Lofdal was dit baie stil w ant Edom het klaar verloor

C Em F G C
Drie dae lank het hulle hard gewerk om die skatte bymekaar te kry

F C Am Dm G C
Juda het die lof van die Here besing en Josafat het in vrede gebly

F C Am F G C
As die God van Josafat jou vat kan jy nie anders as om te wen nie

F C Am F Dm C
As die God van Josafat jou vat sal jy die einde van jou skatte nie ken nie

F C Am F G C
As die God van Josafat jou vat sal jou vyande se broekies bewe

F C Am F G C
As die God van Josafat jou vat sal jy vir altyd in vrede kan lewe

Hou vas aan jou droom

Dm G Dm G F G C

C Em G C
Elke mens het maar 'n droom wat wil koers vat na 'n doel - 'n lewensideaal
F G F G C
Na 'n plek waar jy wil wees of iets wat jy wil doen - jou hart se môrester
C Am Dm G C
Maar as die lewe eers begin met sy eise dag vir dag word drome moeilik om te haal
F G F G C
Dan word die pad wat jy wil stap - 'n spookbeeld in jou kop - 'n skynsel onbereikbaar ver

C7 F C
Hou vas aan jou droom - bind jou hart aan wat jy glo
Dm G Dm G G7 C
As jy die ware Noord behou en sy Woord net kan vertrou sal jy sien dit word net so
C7 F C
God gee jou 'n droom - laat jou op arendsvlerke sweef
Dm G Dm G F G C
As jy op Jesus kan bly wag en bly glo in sy krag - dan sal Hy jou droom laat leef

C Em G C
Elkeen van ons het 'n tóg plek wat God bedoel het vir jou - die pad wat jy moet loop
F G F G C
Net iets wat jy moet doen of iets wat jy moet word - jou ware skeppingsdoel
C Am Dm G C
Maar as die wêreld begin draai en jou sorge met jou mors word toekomsdrome kaalgestroop
F G F G C
Dan word die dinge wat jy doen leeg en sonder sin - laat jou koud en doelloos voel

C7 F C
Hou vas aan jou droom - bind jou hart aan wat jy glo
Dm G Dm G C
As jy die ware Noord behou en sy Woord net kan vertrou dan word als presies net so
C7 F C
God gee jou 'n droom - laat jou op arendsvlerke sweef
Dm G Dm G F G C
As jy op Jesus kan bly wag en bly glo in sy krag - dan sal Hý jou droom laat leef

C7 F G
Hou vas aan jou droom - bind jou hart aan wat jy weet
Dm G Dm G C
As jy die doelwit kan bly sien en God getrou bly dien sal Hy jou droom nooit vergeet
C7 F C
God gee jou 'n droom - laat jou op arendsvlerke sweef
Dm G Dm G F G C
As jy die oë op Jesus hou en sy Gees bly in jou sal jy jou drome kan leef
Dm G Dm G F G C
As jy die oë op Jesus hou en sy Gees bly in jou sal jy jou drome kan leef

Jesus se mense

C G D G C G C Em Am D G

G C D G
Jesus se mense wil elke dag meer soos Jesus lyk
C Am D G
Jesus se mense verstaan die taal van die Koninkryk
Em Am C D G
Jesus se mense dien ander mense soos Jesus doen
C D Bm Am G
Want deur sy kruis het Jesus sy mense met Hom versoen
C G D G
Hy nooi jou uit saam met Hom - jy word die bruid - Hy die bruidegom
C G C Em Am D G
Kom sit net aan by die bruilofsmaal – want Jesus het sy mense belowe Hy kom hulle haal

G C D G
Jesus se mense wil sout en lig vir die aarde wees
C Am D G
Jesus se mense is die lewende briewe wat die wêreld lees
Em Am C D G
Jesus se mense dra ander mense want geloof is sterk
C D Bm Am G
Jesus se mense verstaan hoe 'n lewe van liefde werk
C G D G
Hy nooi jou uit saam met Hom - jy word die bruid - Hy die bruidegom
C G C Em Am D G
Kom sit net aan by die bruilofsmaal – want Jesus het sy mense belowe Hy kom hulle haal

G C D G
As jy alleen voel - sal Jesus se mense jou hart verstaan
C Am D G
Jy kan met die vrae en die pyn in jou hart - na hulle toe gaan
Em Am C D G
Jesus se mense sal jou troos wanneer jy huil
C D Bm Am G
Daar kan jy die seer in jou hart vir ‘n kleed van lof verruil
C G D G
Hy nooi jou uit saam met Hom - jy word die bruid - Hy die bruidegom
C G C Em Am D G
Kom sit net aan by die bruilofsmaal – want Jesus het sy mense belowe Hy kom hulle haal
C Em Am D G
Ja Jesus het sy mense belowe Hy kom hulle haal

Heelword in my lof

C G Am D G C Am G Em D G

G Bm C D G
O donkerte hier binne - O swart wat my verswelg
C Am D Em
Ek ruik jou dood - Ek proe jou bitter wyn
C G Am D G
Loodswaar hang jou boeie - Ek voel jou martelpyn
C Am G Em D G
Hoe lank al my gebede om jou verstikking uit te delg

C
Onbeheersd walg my woede
G D G
Onreg brand met vuur van bitter dors
C
Kwaad ontvlam - vereis vergelding
G D G
Haat se vuiste stamp die wraak hier in my bors
Em D G
Here - Hoe kon U vir my
C Am G D G
Wat só swaar vergewe - die kruisdood ly ?

G Bm C G
O stilte-nag van eensaam - Verlang : My lewensloop
C Am D Em
Ek leef jou pyn - ek omarm my tekort
C G Am D G
Hartseer word my asem - soos leed my hartklop word
C Am G Em D G
Hoe lank sal my gedagtes my hart nog aan jou knoop

C
Onbevange loof my lewe
G D G
Vreugde bruis - met heelword vonkelwyn
C
Hoop herstel - ek kies die lewe
G D G
Vrede skyn weer - die donker wolke het verdwyn
Em D G
Here - U het tóg vir my
C Am G D G
Wat graag in lof wil lewe - 'n plek berei

Em D G
Ja Here - Al raak dit ook hoe rof
C Am G D G
Ek kan elke keer weer heelword - in my lof

You are not alone

G G* G G* (*Add C)

G Am
I hear your pain in hollow laughter
D G G*
Your fingers tremble when you touch
G Am
The fire burns - your heart is aching
C D G
So many things you need so much
C D G
I know that in your darkest hour
C D G
Despair may turn your heart to stone
C D G
I'm always there - I live inside you
Am D G
Please just believe – you're not alone

G Am
In eyes that cry while lips are smiling
D G G*
Behind the mask you've come to wear
G Am
I see your question without answer :
C D G
You reach for me but it seems I'm not there
C D G
I know that in your darkest hour
C D G
Despair may turn your heart to stone
C D G
I'm always there - I live inside you
Am D G G7
Please just believe - you are not alone

C D G
My child I know you are longing
C D G
For me to hold you as my own
C D G Am D G
I tell you now I truly love you - Please just believe - you are not alone
C D G Am D G
I gave my life so I could have you - Please just believe - you are not alone

Rietkind

A C#m D A
Uit 'n mandjie tussen riete na 'n heerser se paleis

F#m C#m D E
Stap die koningseun - die moordenaar agter skape in die sand

A C#m D A
Uit die vlamme van 'n braambos die bevel wat duidelik wys

F#m C#m D A
Jy moet teruggaan na my kinders. Lei my volk uit hierdie land

D E D A
Was daar dan al of sou daar ooit 'n groter leier kom

F#m C#m D D2 E
As die rietkind met die sukkelstem - die een wat die volk sou saamneem agter hom

D E D A
'n Man wat God verorden het om Sy eie volk te lei

F#m A Bm A
En uit die wanhoop van die slawehuis Sy kinders te bevry

Uit die straf van God se tekens - met Vuur en Wolk as krag

Trek die volk uit swaar verdrukking deur die see op droë grond

Singend dansend die woestyn in - na waar melk en heuning wag

Die Wet in klip verewig dra die Woord uit God se mond

Was daar dan al of sou daar ooit 'n groter leier kom

As die Rietkind met die sukkelstem - die een wat die volk sou saamneem agter hom

'n Man wat God verorden het om Sy eie volk te lei

En uit die wanhoop van die slawehuis Sy kinders te bevry

F#m Bm E A
Veertig jaar in die woestyn het so min verstaan

F#m Bm D D2 E
Dat net hulle wat bly glo in God deur die Jordaanrivier sou gaan

Ja daar sou voorwaar 'n groter Een as Moses eendag kom

Die Jesuskind uit Bethlehem. Die Een die hele wêreld buig voor Hom

God se Seun wat Hy geoffer het om vir sy eie volk te ly

En uit die sonde van die slawehuis Sy kinders te bevry

Ja die groter Een as Moses het waarlik toe gekom

Die Kruishoutman uit Nasaret. Die Een wat die wêreld saamneem agter Hom

God se Seun wat Hy geoffer het om ons van sonde te bevry

F#m A Bm E D A
En elkeen deur sy Jordaanrivier na Kanaän toe te lei

Aan die ander kant

E C#m
Nog 'n ma staar verlore - daar is niks meer om te eet nie
A B E
As die kind op haar rug van honger huil
E C#m
Vroeg al staan 'n man en hy bedel in die straat
A B E
Nog 'n lewe vir 'n aalmoes te verruil

A B E C#m
Nog 'n sokkerspan word iewers vir een biljoen verkoop
A B E
Fortuine word in Hollywood betaal
A B E A
Ontelbare miljoene om 'n selfoon te bemark
E B7 E
En die plakkerskamp se kinders is kaal

E A B E
Maar - aan die ander kant het Jesus juis vir hierdie seer gekom
A B7 E
Om die wêreld van die onreg te bevry
A B E A A
Aan die anderkant van sonde, hartseer, leed en pyn
B B7 E
Het God se Seun hier tussen ons kom bly

E C#m
Nou na soveel jare - steeds die vrae in my kop
A B E
Nog 'n dag van glo sonder sien gaan verby
E C#m
Steeds die noodkreet uit die donker van die wêreld rondom my
A B E
Wanneer is ons dan eendag vry

A B E C#m
Nog 'n dobbelprys word iewers op die TV uitgeloot
A B E
Fortuine net om 'n rekordboek te haal
A B E A
Ontelbare miljoene vir 'n kuur teen oorgewig
E B7 E
Maar die plakkerskamp se kinders bly kaal

A B E A A
Aan die anderkant van sonde, hartseer, leed en pyn
B B7 E
Het God se Seun hier tussen ons kom bly

Psalm 28 ** Leon Smit*

Bm G D A
Ek roep na U Heer my Rots

Bm G D A
Moet tog nie doof wees vir my

Bm G D A
Hoor my smeking as ek U vra om hulp

Bm G D A
My hande uitgestrek in gebed na U troon

D A Em G D A G
U kom toe al die lof al die eer - Want U het my smeekstem gehoor

D A Em G D A G
U kom toe al die lof al die eer - Want U het my smeekstem gehoor

Em G D A
U het my nie laat verslaan

Em G D A
U het my nie laat vergaan

D G D A D G D A
U is my sterkte my beskerming - 'n Veilige Vesting die Een op wie ek vertrou

D G D A D G D A
U is my sterkte my beskerming - 'n Veilige Vesting die Een op wie ek vertrou

G A D G A D
U sorg altyd vir my - Ja U sorg altyd vir my

Bm G D A Bm G D A
Red U volk Heer die wat aan U behoort - Wees ons Herder en seën ons

Bm G D A Bm G D A
Red U volk Heer die wat aan U behoort - Wees ons Herder en seën ons

G A D G A D
En sorg ook altyd vir ons - sorg ook altyd vir ons

D G D A D G D A
U is my sterkte my beskerming - 'n Veilige Vesting die Een op wie ek vertrou

D G D A D G D A
U is my sterkte my beskerming - 'n Veilige Vesting die Een op wie ek vertrou

G A D
En U sorg altyd vir ons

G A D
U sorg altyd vir my

G A D
U sorg altyd vir my

Man van Ur

C2 G7sus4 C2 Am F G
Duidelik was die woord wat God beveel het - 'n bevel om uit te trek uit Ur
F G C2 G7sus4 C2
Om alles daar te los en toe jy opstaan - hoe kon jy weet waar jy moes heengaan
Am F G F G C2
Jy't jou rykdom en jou stand verruil vir tente in die sand in 'n land met vreemde weë
F Em7 F Em7
Kon jy dan deur geloof gesien het dat God sou doen soos Hy beloof het
F G Am Em F C Dm7 G7sus4
Dat Hy deur jare jou sou lei en leer en jou self die land sou gee
F G C2 Am
Soos die sterre aan die hemel soos die sand van die see
F C Dm7 G7sus4 G
So het God deur jou aan ons Sy heilsverbond gegee

Duidelik was die woord wat God gegee het - 'n beloofde nageslag - 'n kind
Die een wat jou sou volg en toe hy daar was - hoe kon jy weet waar hy moes heen gaan
Sy eie brandhout moes hy dra toe God sy lewe van jou vra op jou altaar van geloof
Kon jy dan deur geloof geweet het dat God 'n ram daar sou voorsien het
Dat Hy jou nageslag sou seën en bou deur jou seun met jou as hoof
Soos die sterre aan die hemel en soos die sand van die see
So het God deur jou aan ons Sy heilsverbond gegee

Sleutel verhoog 'n volle toon

D2 A7sus4
Blydskap was die woord wat God laat bring het - die belofte in die krip 'n Kind
Die Een wat sou verlos en toe Hy groot was - hoe kon ons weet waar Hy moes heen gaan
Sy eie kruishout moes Hy dra toe God sy lewe van Hom vra om die losprys te betaal
Kon jy dan deur geloof voorspel het dat God 'n Lam daar sou voorsien het
dat Hy sou toelaat dat sy Seun sou sterf om oorwinning te behaal
Ons is die sterre aan die hemel - jy is die sand van die see
Deur jou het God aan ons in Hom Sy heilsverbond gegee

Ons is die sterre aan die hemel - jy is die sand van die see
Deur jou het God Sy kinderskaar Sy heilsverbond gegee

In waarheid en in gees (Sleutel is Cm - Capo op G)

Am Asus4 Am* Asus4 Am Asus4 (* Am - gespeel sonder hoë E)

Am G
Eer aan God in die hoogste hemele
Am Em Em
Eer aan die Koning die Skepper-Heer
Am G
Eloim - ook ons Abba Vader
Am Asus4 Em Em Em
Liefde wat ewig oor ons regeer
C G
Loof nou die Here o al wat lewe
F G Am Asus4 Am
Hy wat is - en wat was - en wat weer sal wees
C G
Kniel voor Hom en aanbid die Here
F G Am Asus4 Am* Asus4 Am Asus4
In waarheid en in gees

Am G
Eer Immanuel ons Verlosser
Am Em Em
Jesus die Woord wat na ons toe kom
Am G
Lam van God - ook ons Kruishout-offer
Am Asus4 Em Em Em
Hy kom weer met Sy loon by Hom

Am G
Eer die Gees wat ons lei in waarheid
Am Em Em
Trooster wat altyd by ons sal bly
Am G
Stem wat vrede in harte fluister
F G Am
Asem van liefde hier binne my

Walking in faith

G D A D G D A D

D
He was just an ordinary man
G
Talking to ordinary people
A G D
About an extraordinary God in heaven above
D
He spoke about an ordinary Man
G
Who came to live among ordinary people
A G D
Doing extraordinary things by his Father's love

G D
He was walking by faith - and not by sight
A D
He was learning to love - and to walk in the light
G D
Spreading the Word - throughout the land
A D
Clinging in faith - to the Father's hand

D
He called upon ordinary men
G
All living their ordinary lives
A G D
To an extraordinary life in the Father's grace
D
Following an ordinary Man
G
Tracing His ordinary footsteps
A G D
To an extaordinary wonderful heavenly place

G D
Walking in faith - and not by sight
A D
Learning to love - and to walk in the light
G D
Spreading the Word - throughout the land
A D
Clinging in faith - to the Father's hand